Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas
2018-06-10

2 Kronieke 7:12-22

God se herstel strek wyer as menslike perspektief

Inleiding

- As God net vir jou gesondheid toewens, hoekom word gelowiges siek en gaan dood?
- As God net vir jou finansiële welvaart toewens, hoekom is daar gelowiges wat deur armoede oorweldig word?
- As God vir jou net goeie dinge toewens, waarom gebeur daar slegte dinge met gelowige mens?
- Ons kan hierdie vrae anders vrae en wonder hoekom daar goeie dinge met slegte mense gebeur?
    - Hoekom ongelowiges welvaart en voorspoed beleef?
- Die voorspoed is dikwels geneig om ons ‘n rat voor die oë te draai om God se seën in te perk tot aardse en materiële dinge.
    - As jy genoeg glo, sal jy ryk en gesond en voorspoedig wees.
        - Die gevolg is dat die oomblik wanneer jy nie hierdie voorspoed beleef nie, jy jou eie geloof in twyfel begin trek.
        - So is die voorspoedsteologie besig om ons oë van God af weg te vat en te laat fokus op dit wat in hierdie lewe in die oë van die wêreld belangrik is.
- Daarom leer ons ook vanoggend uit 2 Kronieke 7 dat God se herstel veel wyer strek as wat ons menslike perspektief kan begryp.

God skep perspektief in sy openbaring

- Ons leer God ken in sy woord.
    - In die Bybel leer ons hoe God homself aan die mens openbaar.
        - Ons leer God ken vir wie Hy is, en ook die manier wat Hy optree.
- In die 2 boeke van Kronieke openbaar God homself ook op ‘n unieke wyse.
    - In die Bybel volg Kronieke op die 2 boeke van Konings.

        - En as ons die stelle boeke direk na mekaar lees, is dit asof God Homself herhaal.
            - Ons lees dieselfde vertellings oor.
    - Dit wil voorkom asof die Kronieke boeke, oorbodig is.
- Dit is egter nie die geval nie.
    - Die Konings boeke fokus op die verloop van die geskiedenis, en die boeke word byna gelyktydig met die gebeure neergepen.
- Die Kronieke boeke is egter anders saamgestel.
    - Die Kronieke word geskryf ‘n paar jaar nadat die volk teruggekeer het uit ballingskap.
        - Dieselfde volk wat deur hulle geskiedenis gehoor het van al die Here se beloftes.
    - Die beloftes aan Abraham – Ek sal jou ‘n groot nageslag maak en jy sal in die beloofde land bly.
    - Die beloftes aan Dawid – Daar sal altyd een uit jou nageslag op die troon sit.
    - Die beloftes aan Salomo – Ek sal in die tempel woon tussen julle.
- En waar die volk hulleself bevind na die ballingskap wil dit voorkom asof die Here heeltemaal van hierdie beloftes vergeet het.
- In 2 Kronieke 7 kyk ons terug na die gebeure nadat die tempel ingewy is.
    - Die praat met Salomo.
        - En in vers 14 lees ons van die belofte wat ons veral vandag gereeld onder predikers hoor.
            - *en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.*
- En as ons dan kyk wat vandag van Israel geword het met die onmin in die midde-Ooste dan kom die vraag dalk selfs by ons op – maar het God dan sy beloftes net laat vaar?
    - Waar is die koning?
    - Waar is die tempel?
    - Waar is die herstelde land?
- So kyk ons vas in ons beperkte menslike perspektief en soek God se seën net in die fisiese dinge.
    - Ons wil God se seën inperk tot net dit wat my fisies bevoordeel in hierdie lewe.

        - God se seën strek egter soveel wyer as net aardse voorspoed.
- God bring ook op ‘n geestelike wyse herstel wat ons menslike verstand ver te bowe gaan.
    - God se herstel stel ook sekere eise aan die mens.

<u>God se herstel eis bekering</u>

- God se herstel verwag ook dat die mens sal bekeer.
    - Vers 14 sê “terug draai van die bose”
    - Dit is slegs een element van bekering.
- Die woord bekering kan verder uitgebrei word na drie terme.
    - Inkeer, omkeer en terugkeer.
- Met ander woorde – dit is ook ‘n proses.
    - Die vertrekpunt is dat ons moet besef hoe verkeerd ons is.
        - Inkeer loop hand aan hand met selfondersoek en sondebesef.
    - Dan moet ek besef dat hier waar ek nou is, is ‘n plek waar ek dringend ‘n behoefte aan herstel het.
        - Daarom moet ons omkeer.
            - Die woord beteken om letterlik om te draai en in die teenoorgestelde rigting te beweeg.
    - En dan moet ons terugkeer.
        - Gaan terug na dit wat ons ken en weet wat reg is.
            - Keer terug na die Here toe.
- Dit is egter nie ‘n maklike proses nie.
    - Ons sien verder in die boek Kronieke hoe die volk ‘n baie harde pad moes stap en selfs na dit sien ons nogsteeds nie die bekering nie, maar ook nie die herstel wat God beloof het nie.
        - Beteken dit dat die volk halfhartig bekeer het?
        - Beteken dit dat die volk weer of meer moet bekeer?
            - Nee geliefdes.
- God eis van ons bekering, maar God beloof nie materiële voorspoed as jou beloning op jou bekering nie.
    - God eis geestelike gehoorsaamheid.
        - God se seën op hierdie gehoorsaamheid is ook geestelik.
- As jy dus wegdraai van die sonde, en terug na God toe, beteken dit nie voorspoed, rykdom en welvaart nie.
- Die realiteit is dat ons nie kan bekeer nie.

    - Geliefdes hoor mooi.
        - Ek sê nie dat bekering onmoontlik is nie, maar jy kan nie bekeer nie.
            - Jy kan nie in jouself in jou boosheid self besluit dat ek stukkend is, dus herstel nodig het, en dan myself van binne af begin herstel nie.
    - Nee ons te stukkend om enigsins onsself te kan red.
        - Daarom eis God bekering, maar Hy bewerk ook self die bekering deur die werking van die Heilige Gees in die harte van gelowiges.
- So sien ons dan ook hoe die Here sy genade aan ons openbaar deur te eis, maar ook ons instaat stel om aan die eise te kan voldoen.
    - Deur die Heilige Gees kan ons inkeer, omkeer en terugkeer.

<u>Getuig in dankbaarheid van die vrug van die herstel</u>

- Fisiese voorspoed en geestelike voorspoed is nie dieselfde nie.
    - God se beloftes beloof aan ons geestelike herstel.
- Daarom is daar nie meer ‘n koning wat in die paleis op die troon sit nie, en ook nie een tempel waarby ons aanbid nie.
    - Maar Christus is ons ewige koning wat regeer in sy koninkryk wat ook die heiligdom is wat die teenwoordigheid van God bevat.
- God het dus nie teruggegaan op sy woord deur nie ‘n koning en tempel van ‘n fisiese aard vir ons te gee nie.
    - Hy het nie sy volk verwerp nie.
    - Inteendeel ons het ‘n koning wat nie kan afwyk vand ie wil van God nie.
        - En ons het ‘n tempel wat nie deur vernietig kan word nie.
- Daarom kan ons nie anders as om te roem in die herstel wat God bewerk het nie.
    - Sy herstel is nie die gevolg van ons bekering wat van so ‘n hoë gehalte is nie, maar die genade van God wat so oorvloedig is dat Hy herstel gebring het.
        - Ons het daarom die opdrag om van hierdie herstel te getuig.
- God het ons herstel.
    - Hy het ons in ons verlorenheid uitgehaal deur die werk van Christus.
        - Ons antwoord deur te getuig.

                - Hierdie getuienis is nie menslike spoggery oor al ons besittings nie.
                - Dit is nie ‘n roemryke erkenning van ons eie goedheid nie.
            - Ons getuig deur daagliks te bekeer en die wil van die Here te soek.
                - So word ons daagliks bewus van hoe verlore ons is en hoe nodig ons God se herstel het.
- God se herstel gee aan ons nuwe perspektief.
    - Ons kyk deur ‘n ander bril na die wêreld en na God.
        - Dit beteken nie dat ek en jy nie kan bid vir ons land om te bekeer nie.
        - Dit beteken nie dat ek en jy nie die Here kan vra om ons voorspoedig te maak nie.
            - 1 Tim. 2:1&2 maak dit duidelik – *Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en met danksegging gebid moet word vir alle mens, vir die wta regeer en vir almal wat gesag uitoefen sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.*
- So sien ons dat ons gebede telkens net een doel voor oë het – God.
    - God het herstel en daarom moet Hy ook die eer kry vir die herstel wat Hy bewerk het – Niemand anders nie.
    - Daarom moet die wyse wat ons getuig altyd fokus op God.

<u>Slot:</u>

- Ons eie sondige begeertes lei ons dikwels om voorspoed in te perk tot net dit wat my fisies en materialisties kan baat.
    - Dis deel van ons sonidge natuur.
        - Maar God se seën strek soveel wyer as nie ‘n positiewe banksaldo en ‘n lewe van oorvloed.
    - Deur God se herstel maak Hy ons oë oop om die geestelike herstel raak te sien , en om ook met groot afwagting te kan uitsien na die tyd wat sal aanbreek wanneer ons dit fisies sal beleef in die koninkryk van die Here.